



Verwysing: 20170922-5208  
12/2/2/3/25  
Navrae: GH Foster

Assesseringsbestuurminuut: 0015/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Skryf van die Aanvullende Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) vir graad 12 in 2017**

1. Die Algemene Asseseringstaak (AAT) vir Lewensoriëntering (LO) is, soos volgens Assesseringsbestuursminuut 0011/2017, op 08 September 2017 geskryf.
2. Leerders wat weens 'n geldige rede nie die AAT vir LO op 08 September kon skryf nie, sal toegelaat word om die aanvullende AAT vir LO te skryf wat vir 10 Oktober 2017 vanaf **09:00 tot 11:00** geskeduleer is.
3. "Geldige redes" in hierdie konteks, sluit die volgende in:
  - (a) **siekte**, gestaaf deur 'n geldige mediese sertifikaat, wat deur 'n geregistreerde mediese praktisyn uitgereik is;
  - (b) **humanitêre redes**, wat die afsterwe van 'n naaste familielid insluit, en deur 'n afskrif van die doodsertifikaat ondersteun word;
  - (c) verskyning van die leerder in 'n **hofverhoor**, wat deur skriftelike bewyse gestaaf moet word;
  - (d) **enige ander rede wat** die hoof van die assesseringsliggaam of sy of haar verteenwoordiger **as geldig mag aanvaar**.
4. Die skriftelike bewys wat met enige van die bogenoemde geldige redes verband hou, moet op lêer by die skool gehou en, op versoek, aan Hoofkantoor of die distrik beskikbaar gestel word.
5. **Bylae A**, wat by hierdie Assesseringsbestuursminuut aangeheg is, moet voltooi en teen **29 September 2017** aan [Gail.Laguma@westerncape.gov.za](mailto:Gail.Laguma@westerncape.gov.za) ge-e-pos word.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die nodige reëlings vir die afneem van hierdie assessering te tref, en toe te sien dat hulle skool al die voorwaardes en reëls ten opsigte van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen gehoorsaam.
7. Distrikskantore sal skole van die nasienriglyne vir die aanvullende AAT vir LO voorsien. Die distrikskantore moet toesien dat die nasien van die aanvullende vraestel intern by die skool asook ekstern by die distrikskantoor gemodereer word.
8. Leerders wat nie die AAT vir LO of die aanvullende AAT vir LO in 2017 geskryf het nie, sal 'n onvolledige uitslag vir Lewensoriëntering ontvang. Hierdie leerders sal die vak, asook die SGA en die AAT vir LO moet herhaal.
9. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle Lewensoriënteringonderwysers en -leerders vir graad 12.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-09-27